Dyula

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Dyula (ook *Dyula* of *Dioula*) is 'n Niger-Kongo-taal wat deur sowat 12,5 miljoen mense in die Wes-Afrikaanse land Burkina Faso gepraat word. Dit vorm saam met Bambara en Maninka 'n dialekkontinuüm wat as Manding bekend staan. Dyula word met óf die Latynse alfabet óf die N'Ko-alfabet geskryf; laasgenoemde is in 1949 deur Soulemayne Kante vir die dialekkontinuüm ontwerp en gebaseer op die Arabiese alfabet. Dyula het 'n onderwerp-voorwerp-werkwoord-volgorde en twee leksikale klanke.

Dyula is 'n handelstaal in Wes-Afrika en word deur miljoene se mense óf as moedertaal óf as tweede taal gebesig. Die bekendste woord is waarskynlik die naam van die land Burkina Faso self, wat in Mossi en Dyula "die land van die regop mense" (of "regop land") beteken. Dit vorm saam met Fula en Mossi die nasionale tale van dié land, naas die amptelike taal Frans.

In 1976 is op 'n konferensie in Burkina Faso – die destydse Bo-Volta – 'n eie weergawe van die Latynse alfabet, gebaseer op *l'Alphabet national burkinabè* ("Nasionale Burkinese alfabet") vir al die tale in dié land ten einde van harmonisering ontwikkel. Dit is in 1979 amptelik goedgekeur.

Dyula ***Dyula, Dioula***	
Gepraat in:	Burkina Faso Ivoorkus Mali
Gebied:	Wes-Afrika
Totale sprekers:	12 486 000[1]
Taalfamilie:	Niger-Kongo Atlanties-Kongo Mande Wes-Mande […] Manding Oos-Manding Bambara-Dyula **Dyula**
Skrifstelsel:	Latynse alfabet, N'Ko-alfabet
Amptelike status	
Amptelike taal in:	Burkina Faso *(nasionale taal)*[2]
Gereguleer deur:	*geen*
Taalkodes	
ISO 639-1:	*geen*
ISO 639-2:	dyu
ISO 639-3:	dyu (http://www.sil.org/iso639-3/documentation.asp?id=dyu)

Nota: Hierdie bladsy kan IFA fonetiese simbole in Unicode bevat.

Inhoud

Ortografie

In Burkina Faso gebruik die Dyula-alfabet die letters wat in die Nasionale Burkinese alfabet gespesifiseer is.

Nasionale Burkinese alfabet

Burkinese Dyula-alfabet																						
A	B	C	D	E	Ɛ	F	G	H	I	J	K	L	M	N	Ɲ	Ŋ	O	Ɔ	P	R	S	T
a	b	c	d	e	ɛ	f	g	h	i	j	k	l	m	n	ɲ	ŋ	o	ɔ	p	r	s	t
Fonetiese waardes																						
a	b	c	d	e	ɛ	f	g	h	i	ɟ	k	l	m	n	ɲ	ŋ	o	ɔ	p	r	s	t

N'Ko-alfabet

Die N'Ko-alfabet, deur Soulemayne Kante in 1949 vir die Manding-dialekkontinuum bestaande uit Bambara, Dyula en Maninka ontwikkel.

Klinkers

ɔ o /ɔ/	o ô /o/	u ou /u/	ɛ è /ɛ/	i i /i/	e é /e/	a a /a/
ߐ	ߏ	ߎ	ߍ	ߌ	ߋ	ߊ
ߐ	ߏ	ߎ	ߍ	ߌ	ߋ	ߊ

Medeklinkers

ra /ɾa/	da /da/	tcha /t͡ʃa/	dja /d͡ʒa/	ta /ta/	pa /pa/	ba /ba/
[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]
[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]
ma /ma/	la /la/	ka /ka/	fa /fa/	gba /g͡ba/	sa /sa/	rra /ra/
[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]
[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]
n' /n̩/		ya /ja/	wa /wa/	ha /ha/	na /na/	nya /ɲa/
[illegible]		[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]
[illegible]		[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]	[illegible]

Verwysings

1. "Ethnologue: Languages of the World, Seventeenth edition, Jula" (https://www.ethnologue.com/language/dyu) (in Engels). Ethnologue. Geargiveer (https://web.archive.org/web/20191222175757/https://www.ethnologue.com/language/dyu) vanaf die oorspronklike op 22 Desember 2019. Besoek op 16 Augustus 2019.
2. (fr) André, Géraldine (31 Mei 2007). "École, langues, cultures et développement (https://journals.openedition.org/etudesafricaines/6960?lang=en)". *Cahiers d'études africaines* **47** (186): 221–247. doi:10.4000/etudesafricaines.6960 (https://dx.doi.org/10.4000/etudesafricaines.6960). Besoek op 16 Augustus 2019.

Normdata SUDOC: 028152360 (https://www.idref.fr/028152360)